Meltwater
Outside Insight



**Publication:** Burger, Die (Oos-Kaap) - Main
**Title:** Zikalala moet se wie almal gearresteer is`
**Publish date:** 11 Jul 2023
**Page:** 6

**Reach:** 7783
**AVE:**R 20792.73
**Author:** Raymond Willemse

## KONSTRUKSIEMAFIA:

# 'Zikalala moet sê wie almal gearresteer is'

## 'Kos die ekonomie R68 miljoen'

Raymond Willemse

Die DA glo nie Sihle Zikalala, minister van openbare werke en infrastruktuur, se weergawe dat meer as 200 sindikaatlede wat by die konstruksiemafia betrokke is, in hegtenis geneem is nie.

Daarom gaan die party 'n aansoek kragtens die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting indien sodat Zikalala bewyse kan lewer vir sy bewerings.

Zikalala het onlangs in KwaZulu-Natal gesê die regering takel die probleme met die konstruksiemafia en daar word reeds resultate behaal.

Volgens hom kos die konstruksiemafia die ekonomie R68 miljard. Dit is veral in KwaZulu-Natal 'n probleem.

Sello Seitlholo, DA-LP en partywoordvoerder oor openbare werke en infrastruktuur, meen die getal sindikaatlede wat Zikalala beweer in hegtenis geneem is, strook nie met wat op die grond gebeur nie.

"Dit klink vergesog. Die situasie op die grond weerspieël of staaf nie sy bewerings nie."

Volgens Seitlholo vra hulle in hul aansoek onder meer 'n uiteensetting van die spesifieke konstruksieprojekte wat geteiken is en die tipe misdrywe



Sihle Zikalala, minister van openbare werke en infrastruktuur.
Foto: GALLO IMAGES

waarvoor die 200 individue wat na bewering by die konstruksiemafia betrokke is, in hegtenis geneem is.

"Boonop moet die polisie duidelikheid verskaf oor die presiese getal individue uit die 200 wat borgtog gekry het, steeds tereg staan (weens die misdrywe) of skuldig bevind is."

Seitlholo sê belanghebbendes in die bedryf is skepties oor die getal inhegtenisnemings wat Zikalala gereeld aanhaal.

"Hulle is grootliks skepties oor die syfers omdat daar geen verbetering op die grond was nie en sommige projekte opgeskort moes word. Die skeptisisme is volkome geregverdig as in ag geneem word dat Sipho Nkosi, LUR vir openbare werke en menslike nedersettings in KwaZulu-Natal, verlede week die verregaande besluit geneem het om met konstruksiemafiagroepe te vergader en te onderhandel.

"Die DA veroordeel Nkosi se besluit en beskou dit as soortgelyk daaraan om met terroriste te onderhandel."

Zwakele Mncwango, ActionSA se leier in KwaZulu-Natal, het ook Nkosi se besluit veroordeel om met die konstruksiemafia te vergader.

"Dit wek groot kommer dat die regering in KwaZulu-Natal, in plaas daarvan om op hierdie misdadigers toe te slaan – wat nie net bouwerk stop nie, maar ook vrees en onsekerheid by potensiële beleggers skep – hulle as 'n struktuur begin erken."

Seitlholo meen Zikalala weet nie hoe om die probleem op te los nie. Zikalala "het onlangs 'n nasionale forum aangekondig om die bedreiging wat die konstruksiemafia inhou, die hoof te bied, maar belanghebbendes soos provinsiale en plaaslike regerings word uitgesluit".

www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.